# Die Byekorf

2017/04/26 Standerton Akademie

14/17

Geagte ouers

## Oos-Transvaal Rugby en Netbal proewe





Baie geluk aan al ons seuns en dogters wat die afgelope naweek te Gromar deelgeneem het aan die jaarlikse netbal en rugby proewe. Seuns en dogters, ons is ongelooflik trots op julle. Dankie vir julle mooi maniere en goeie sportmangees. 'n Besondere woord van geluk aan die 25 leerlinge ('n rekord vir ons skool) wat verkies is tot die Oos-Transvaal spanne.

**Seuns:** Malan Hattingh, FJ Lötz, Bismarck Fischer-Gerber, Johanco Griesel (Wium en Tihardt Burger sal later geleentheid kry), Henro Kotze, Calla Hancke, Christiaan Nichols, Hardus Bierman, Daniel Roberts (Duan Burger sal later geleentheid kry), Stian Pretorius, Johann Schoonraad, Carel Hancke, Vic Hancke.

**Dogters:** Lianné Janse van Rensburg, Melinda Roberts, Anke Janse van Rensburg, Elré Labuschagne, Marla de Jager, Chanel Nichols, Danje Pretorius en Lara Pretorius.

### Veldskool en Leierskamp

Baie dankie aan juffrou Marilize en mnr. Aldo wat die leerlinge vergesel het op hierdie kamp. Baie dankie ook aan ons ouers wat bereid was om die leerlinge Kwasinungu toe te neem en weer te gaan oplaai.

### Beyerskloof Wynproe aand: 9 Junie 2017

Kaartjies vir hierdie spogfunksie wat deur ons skool aangebied word is nou beskikbaar teen R300.00 per persoon wat 'n ete insluit. Die funksie vind plaas by die Standerton Gholfklub om 18:00.

### Prego-Roll verkope

Ouers ons skool verkoop op Woensdag 10 Mei Prego-Rolls. Bestellings sal vanaf volgende week geplaas kan word teen R25.00 per item. Ondersteun asseblief hierdie projek.

### Jean-Roux Flack

Baie sterkte aan Jean-Roux wat hierdie naweek gaan deelneem in Tongaat aan 'n Internasionale byeenkoms. Sterkte, ons glo en vertrou dat dit sommer baie goed sal gaan met die karate.

### Interne redenaars

Ouers u word daarop gewys dat die interne redenaars vanjaar plaasvind op 4 Mei by ons skool. Die skool sluit 13:00 vir alle leerlinge, daar sal op hierdie dag geen sportoefeninge of enige nasorg wees as gevolg van die stilte wat tydens die kompetisies gehandhaaf moet word. Die redenaars begin amptelik om 13:45. Ouers u word uitgenooi om asseblief die kinders te kom ondersteun. Die Graad 1 – 3 leerlinge neem deel in mev. Draper se klas en Gr. 4 – 7 leerlinge neem deel in die saal.

### Perdry

Sterkte aan FJ en Danje wat hierdie naweek in Bloemfontein deelneem aan die Suid-Afrikaanse Saalperd kampioenskappe. Kan nie wag om te hoor hoe dit gegaan het nie!

**Saamrygeleenthede**

Alle rugby en netbal ouers, neem asseblief kennis dat die oefening weens omstandighede buite ons beheer vanaf 6 Mei verskuif is na 12:00 op Vrydag 5 Mei. Jammer vir die ontwrigting. U moet asseblief dienooreenkomstig u reëlings tref.
Sien aangeheg die rooster van saamrygeleenthede na die netbal en rugby.

**Inskrywingsfooie:**

Let asseblief daarop dat die inskrywingsfooie vir die Beeldende Kuns en Bybelkennis tweede rondte betaalbaar is voor of op 3 Mei.

Beeldende Kuns R 40.00
Bybelkennis R 30.00

**Voorstelle, klagtes en insette houer**

U word herinner dat die houer weer oop is vir enige voorstelle hierdie kwartaal. U kan u bydraes lewer tot en met 13 Mei wanneer die houer sluit. 'n Ouerinligtingsaand vind dan plaas op 17 Mei waar die onderskeie portefeuljevoorsitters u die geleentheid sal gee om hierdie voorstelle te bespreek.

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 26 April tot 2 Mei verjaar. Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| | 28 April : Loezytha Eloff |

**Belangrike datums ( Volledige lys datums by kalender op D6)**

GROETE
S. Swanepoel